JustTransitions

FEITEBLAD 01

Op die pad na ’n regverdige oorgang in Suid-Afrika se voedselstelsel

Wat is ’n **regverdige oorgang?**

Die beginsel van ’n regverdige oorgang in Suid-Afrika het sy ontstaan te danke aan die arbeidersbeweging. Namate ekologies-skadelike nywerhede meer volhoubare praktyke begin toepas, moet dit nie die werkers en ander kwesbare groepe in daardie nywerhede wees wat die risiko’s dra en die prys betaal nie. Werkers moet ’n sentrale stem in die oorgang hê, wat werkers en gemeenskappe aktief tot voordeel moet strek. ’n Regverdige oorgang verwys dus na die skuif van ekologies-skadelike ekonomiese aktiwiteite na volhoubare praktyke en prosesse toe. Dit moet geskied op maniere wat maatskaplik-inklusief en billik is, en die behoeftes van werkers en gemeenskappe voorop stel.

Om nywerhede bloot omgewingsvriendelik te laat lyk en werksgeleenthede te beskerm, sal nie ’n regverdige samelewing verwesenlik nie en sal bestaande, uitbuitende betrekkinge onaangeraak laat. Ons moet fokus op veranderings wat dieper strek om die doelwitte van ’n regverdige oorgang te verwesenlik.

Waarom het ons ’n regverdige oorgang in die **voedselstelsel nodig?**

Diepliggende maatskaplike ongeregtigheid en ongelykheid

- **Grond- en landbou-ongelykheid:** Historiese grondonteiening van die Swart meerderheid, tesame met ’n gebrek aan grond- en landbouhervorming ná 1994, beteken dat ’n paar duisend grootskaal kommersiële boere die produktiefste grond besit en die meeste van ons voedsel produseer. Miljoene kleinboere het nie besliste toegang tot grond, behoorlike ondersteuning of markte nie. Vroue-kleinboere is veral op die kantlyn wanneer dit by toegang tot hulpbronne kom
- **Korporatiewe mag:** ’n Paar groot korporasies beheer kommersiële insette in boerdery en voer die botoon in voedselverwerking, verspreiding en kleinhandelmarkte. Hulle maak reuse winste uit produksie en die verkoop van voedsel, wat veronderstel is om ’n basiese mensereg te wees. Om en by 600 000 informele handelaars (waarvan die meeste vroue is) speel ’n belangrike rol in die verspreiding van voedsel, veral aan huishoudings in die werkersklas, maar hul behoeftes ten opsigte van beleid en ondersteuning deur die regering vir hul aktiwiteite, ook op munisipale vlak, word randstandig gemaak.
- **Honger en voedselonsekerheid:** Deur onteiening is die grootste deel van die bevolking afhanklik gemaak van die korporatiewe voedselstelsel, maar terwyl groot ondernemings munt slaan uit hierdie afhanklikheid, ervaar tot ’n kwart van huishoudings voortdurende voedselonsekerheid. Skerp voedselprysinflasie maak dit erger.
- **Geslagslas:** Die gevolge van grond- en landelike ongelykheid, korporatiewe mag en voedselonsekerheid land die hardste op die skouers van Swart, werkersklasvroue, wat oor die algemeen die direkste verantwoordelikheid het om hul gesinne ondanks die onregverdige omstandighede waarin hulle is, te voed.
- **’n Sukkelbestaan en swak betaalde arbeid:** ’n Gedurige tendens in alle boerdery, voedselverwerking en kleinhandel is dat daar wegbeweeg word van vaste indiensneming na meer informele, tydelike en stukarbeid toe. Werkers ervaar lae en stagnante lone. Min plaaswerkers word enigiets meer as die minimum loon betaal, wat nie genoeg is om selfs ’n minimum aanbevole voedsame dieet vir ’n gesin te dek nie, wat nog te sê ander uitgawes ook. Plaaswerkers het steeds ’n gebrek aan verblyfsekerheid en word steeds van grond af gesit. Werkers ervaar nie ’n billike lewensbestaan in die voedselstelsel nie.

Die voedselstelsel is baie kwesbaar vir die impakte van klimaatsverandering

(Sien Feiteblad 4 vir meer besonderhede oor hierdie onderwerp.)

Voedselproduksie in Suid-Afrika is baie kwesbaar vir die impakte van klimaatsverandering. Sonder aanpassingsmaatreëls om mense en die hele stelsel meer veerkragtig te maak, sal produksie in baie streke en sektore begin afneem, wat stygende voedselpryse en honger tot gevolg sal hê. 'n Stelsel wat meer omgewingsveerkragtig is, is broodnodig.

Die voedselstelsel is 'n beduidende bydraer tot klimaatsverandering

(Sien Feiteblad 3 vir meer besonderhede oor hierdie onderwerp.)

Die industriële voedselstelsel, wat op industriële, fabriekagtige produksie geskoei is, is 'n groot bydraer tot klimaatsverandering. Dit dra by tot sowat 18 % van Suid-Afrika se kweekhuisgasemissies. Weens monokultuur en die grootskaalse gebruik van plaagdoders en chemiese kunsmis, lei dit ook tot waterbesoedeling en die vernietiging van biodiversiteit. Industriële landbou voer oorlog teen die natuur. Hoe voedsel geproduseer, versprei en voorberei word, moet verander word om emissies te verminder.

Wat moet 'n **regverdige oorgang** in die **voedselstelsel verwesenlik?**

In die lig van voedselsoewereiniteit kan drie breë, onderlingverwante teikens op die verwesenliking van 'n regverdige oorgang dui:

1. **Billike lewensbestaan –** 'n Regverdige oorgang moet behoorlike werksgeleenthede en inkomste vir werkende mense verwesenlik. Die voedselstelsel moet nie deur winste en die mark aangedryf word nie. In die huidige stelsel slaan net 'n paar mense munt, terwyl die meerderheid mense in die voedselstelsel (soos verbruikers, werkers en informele handelaars) sukkel. Beleid en aksies wat die voedselstelsel in die rigting van voedselsoewereiniteit transformeer, moet in werking gestel word om 'n gelyker rolverdeling en voordele vir diegene wat by die voedselstelsel betrokke is, te verwesenlik. Dit moet ook deur geslagsgeregtigheid gemotiveer word. Werkers in voedselstelselondernemings moet beskik oor werksekerheid, veilige werksomstandighede, die reg en vermoë om te organiseer en lone te verdien wat hulle en hul gesinne in staat stel om 'n behoorlike lewe te lei. Deur grondhervorming moet kleinboere besliste regte op grond, markte en ondersteuning vir agro-ekologiese produksie hê. Informele handelaars moet erken word as belangrike rolspelers in die voedselstelsel, en gevolglike pogings moet aangewend word om te verseker dat hulle behoorlike inkomste uit hul werk verdien.
2. **Omgewingsvolhoubaarheid** – Agro-ekologie moet voedsel op so 'n manier produseer, versprei en verbruik, dat dit met die natuur saamwerk en kweekhuisgasemissies tot die minimum beperk. Voedselproduksie moet saam met die natuur werk en natuurlike funksies verbeter. Dit sal die veerkragtigheid van voedsel- en ekologiese stelsels verbeter, aanpasbaarheidsvermoë versterk, biodiversiteit verbeter en bydra tot die herstel van die landskap.
3. **Reg op voedsel en verbeterde voeding** – Die voedselstelsel kan en moet 'n groot verskeidenheid voedsame kosse produseer, wat toeganklik is vir almal. Maatreëls om die Reg op Voedsel en verbeterde voeding te verseker, sal 'n belangrike stap in die rigting van regverdige oorgang wees wat voedselsoewereiniteit verwesenlik.

Voedselstelsels móét hul emissies verminder, maar dit sal ook aanpassingsmaatreëls verg om ekologiese volhoubaarheid en veerkragtigheid, behoorlike werk en billike lewensbestaan, en die Reg op Voedsel en verbeterde voeding te verseker. Aanpassing verwys na praktiese maatreëls wat veerkragtigheid onder mense en in die voedselstelsel kan bou. In boerdery, is agro-ekologiese praktyke ook aanpasbare praktyke. Produsente kan baie sulke praktyke sonder groot ingrypings onderneem, maar dit sal tegniese ondersteuning verg wat hul kennis bevestig en uitbrei. Beleide, stelsels en prosesse sal ook dieper ekonomiese, maatskaplike en politieke veranderinge moet ondergaan.

Struikelblokke in die **pad na 'n regverdige oorgang** in die Suid-Afrikaanse voedselstelsel

Daar is struikelblokke wat die verwesenliking van 'n regverdige oorgang betref. Dit sluit in:

- **Vooroordeel ten opsigte van gesprekvoering en beleide –** 'n Groot deel van die openbare en beleidsagenda oor regverdige oorgang het op energie gefokus, maar in die lig van die industriële voedselstelsel se omgewingsimplikasies en die belangrikheid van kos en voeding vir enige samelewing, is die transformasie van voedselstelsels ewe belangrik. Die regering het die mark se rol in die organisering van die voedselstelsel sedert die aanvaarding van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (1996), egter voorop gestel. Dit het privaat rolspelers se rol in die vorming van die voedselstelsel versterk. Daar móét dus 'n sterk openbare agenda met betrekking tot voedselsoewereiniteit en regverdige oorgang in plek geplaas word.
- **Korporatiewe mag –** Korporasies en finansiële instellings het baie mag in die vorming van die voedselstelsel. Winsgerigte strategieë word ten koste van maatskaplike en omgewingsgeregtigheid gehandhaaf. Dit is waarom werkers in die voedselstelsel uitgebuit word, 'n sukkelbestaan voer en swak betaal word. Korporasies beïnvloed wat verbruikers kies en eet. Korporasies het 'n sterk invloed in beleidmaking.
- **Gebrek aan grond en landelike hervorming –** Laat bestaande magsverhoudings onaangeraak, versterk konsentrering van eienaarskap en beheer en laat plattelanders en voedselprodusente sonder veilige verblyfreg.
- **Onsamehangende regeringsbeleid met betrekking tot die voedselstelsel –** Baie beleide hou verband met die voedselstelsel, maar nie altyd met mekaar nie, en daar is teenstrydighede tussen hierdie beleide. Daar is geen oorhoofse perspektief wat die voedselstelsel betref nie en departemente werk nie goed saam nie.
- **Rigtingafhanklikheid –** Praktyke, beleide, markte, instellings, maatskappye, onderrig en opleiding, asook verbeelding, 'beperk' die rol van die industriële voedselstelsel en korporatiewe rolspelers.
- **"Groen" oorgangsweë laat bestaande ongelykhede onaangeraak of versterk dit selfs –** Produsente, verwerkers en maatskappye in die voedselstelsel, asook in die regering, kan besmoontlik op uitdagings met betrekking tot volhoubaarheid reageer op maniere wat slegs op die volhoubaarheid van produksie of wins konsentreer. Gevolglik sal hulle dalk nie oorweging skenk aan die wyer vrae oor geregtigheid, ongelykheid, mag of dieper benaderings tot volhoubaarheid nie. Dit sal bestaande ongelykhede onaangespreek laat, wat waarskynlik deur direkte en indirekte impakte van klimaatsverandering vererger sal word.

Weens hierdie struikelblokke, insluitende die moontlikheid dat dominante rolspelers in die voedselstelsel sal reageer op die uitdaging van volhoubaarheid op maniere wat nie deur ons kieserskorps se belange toegelig is nie, moet ons verseker dat enige weë ten opsigte van versagting en aanpassing regverdig is. Hoe besluit ons of die weë regverdig is?

Hoe kom ons van waar ons nou is uit by **'n regverdige oorgang in die** voedselstelsel?

Beginsels en aanwysers

Dit is vir belangrik dat ons oorweging skenk aan wat ons kieserskorps se prioriteite vir verandering in die voedselstelsel is, en hoe dit in ons begrip van geregtigheid weerspieël word. Dit kan uiteengesit word in 'n stel beginsels en aanwysers vir geregtigheid, wat in beleide, programme en projekte vir 'n meer volhoubare voedselstelsel weerspieël móét word.

Tabel 1 hou 'n stel beginsels voor wat 'n regverdige oorgang in die voedselstelsel kan omskryf. Die beginsels bied 'reëls' van geregtigheid wat in 'n oorgang gestalte moet kry. Oorweging moet geskenk word aan aanwysers wat wys dat die beginsels prakties in die voedselstelsel toegepas is. Om hierdie aanwysers te verwesenlik, sal verseker dat die beginsels gestalte kry. Dit kan die grondslag wees om te evalueer of situasies, optrede en beleide regverdig of onregverdig is.

Tabel 1: Beginsels en aanwysers vir 'n regverdige oorgang in die voedselstelsel

Beginsel	Aanwysers
Voldoen aan mensebehoeftes Arbeidsgeregtigheid	- Behoorlike werk: regmatige betaling en billike werksomstandighede regdeur die voedselstelsel - Beter lewensgehalte vir werkers
Regverdige voedselkettingstrukture	- Billike en wedersyds aangename verhoudings tussen rolspelers in die voedselstelsel - Billike voedselwaardekettings wat behoorlike "groen" werksgeleenthede skep
Reg op noodsaaklikhede (bv. reg op kos, grond, water)	- Toegang vir almal tot voldoende voedsame, voldoende en veilige kos ten alle tye - Voedselvoorsieningskettings wat bestand is teen skokke - Ondersteun boere se veerkragtigheid te midde van skokke en stres
Geleenthede vir lewensbestaan	- Verbeterde boerebestaan en lewenskwaliteit - Werkers en boere besit en het veilige toegang tot die grond wat hulle bewerk, veral vroue - Kleiner en nie-korporatiewe akteurs in voedselvoorsieningskettings word erken en ondersteun
Ekologiese integriteit	- Beter ekosisteemgesondheid – agro-ekologie - Herstel, bewaring en uitbreiding van biodiversiteit - Beskerming en verbetering van grond-, water- en luggehalte - Benutting van natuurlike hulpbronne bly in planetêre grense - Diere word met respek behandel en hul inherente waarde word
Deelnemend en demokraties Regverdige en deelnemende prosesse	- Besluitnemingsprosesse is deursigtig, inklusief en bied billike geleentheid om verskillende stemme te hoor - Besluitneming weerspieël, skep of versterk nie bloot magsverskille nie
Toegang tot tersaaklike inligting	- Betroubare inligting oor die impakte van voedselstelsels, klimaatsverandering en verskillende diëte op mense en die natuur is beskikbaar vir almal wat kan besluite neem en optree
Respekteer en sluit diversiteit in	- Plaaslike, inheemse en tradisionele kennis word gerespekteer en kry 'n stem - Uiteenlopende sienings ten opsigte van die produksie, verwerking en voorbereiding van kos word gerespekteer - Spesifieke poging vir insluiting van geslag, klas en ras, en almal
Kapasiteitsbou	- Ontwikkel individuele en gesamentlike vaardighede vir 'n regverdige oorgang - Kapasiteitsbou vir gesamentlike optrede oor regverdige oorgange

Aangepas uit Tribaldos, T. en T. Kortetmäki. 2022. 'Just transition principles and criteria for food systems and beyond', *Environmental Innovation and Societal Transitions* 43, p. 248.

Moontlike besprekingsvraag om ter tafel te lê:

- Identifiseer die aanwysers wat die meeste betrekking op jou kieserskorps het. Moet nog bygevoeg word?
- Watter maatreëls/aksies moet onderneem word om die aanwysers te verwesenlik? Deur wie?
- Jy sal die tabel hierbo dalk wil herskep en 'n derde kolom, 'Maatreëls/Aksies', byvoeg om in te vul.